

# MALEAGI

## Inleiding

Die naam *Maleagi* beteken 'my boodskapper'. Dit kan die werklike naam van 'n profeet wees in 1:1, maar is meer waarskynlik 'n benaming wat uit 3:1 afgelei is (vgl die voetnoot in 1:1).

*Maleagi* is in die Christelike en Joodse kanons die twaalfde boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*. Die twaalfstal het simboliese waarde in aansluiting by die twaalf stamme van Israel.

Die skrywer is onbekend. Uit gegewens in die boek kan afgelei word dat hy voor die tyd van Esra en Nehemia opgetree het, naamlik teen ongeveer 480 vC. Die profesieë is waarskynlik deur die profeet self opgeteken, maar is in enkele gevalle uitgebrei (bv 1:11-14; 3:1b-4), sodat die boek wat in Jerusalem ontstaan het, moontlik sy finale vorm gekry het voor die optrede van Nehemia in 445 vC. Die eerste lesers was moontlik tempelpersoneel.

Die boek is oorwegend in prosa geskryf met kort poëtiese dele tussenin. 'n Algemene kenmerk van *Maleagi* is die argumenterende styl: 'n Stelling word gevolg deur 'n teenstellende vraag, en daarna word die stelling begrond.

*Maleagi* bring 'n boodskap van vermaning, maar ook van bemoediging en troos vir gelowiges wat moedeloos is en soms twyfel aan God se liefde en sy regverdigheid. Die lesers word opgeroep om te leef in ooreenstemming met God se bevele en uit te sien na die tyd wanneer Hy gaan ingryp.

*Maleagi* kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-5 God se liefde vir Israel

1:6 — 2:9 Traagheid in die diens aan God

2:10-16 Ontrou van gelowiges

2:17 — 3:5 Aankondiging van die dag van oordeel

3:6-12 Beloftes van seën

3:13 — 4:6 Vermaning om getrou te bly

# 1

## Opskrif

<sup>1</sup> 'n Profesie.<sup>a</sup> Dit is die woord van die HERE tot Israel by monde van Maleagi.<sup>b</sup>

## God se liefde vir Israel

<sup>2</sup> “Ek het julle lief,” sê die HERE,<sup>\*</sup> maar julle vra: “Hoe het U ons lief?” Die uitspraak van die HERE is: “Is Esau nie Jakob se broer nie?<sup>\*</sup> Tog het Ek Jakob lief,<sup>3</sup> maar in Esau het Ek 'n afkeer<sup>\*</sup> en Ek het van sy bergland 'n verlate plek gemaak, sy erfdeel 'n plek vir die woestynjakkalse.”

<sup>4</sup> \* Ja, Edom sê: “Ons is verpletter, maar ons sal weer die puinhope opbou.” Maar so sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Hulle kan maar bou, maar Ék sal afbreek. Hulle sal die goddelose gebied genoem word,

---

<sup>a</sup>**1:1 Profesie:** Kan ook vertaal word “Uitspraak,” “Uitspraak van God” of “Aankondiging”.

<sup>b</sup>**1:1 Maleagi:** Die •Septuagint lui “sy boodskapper” en die •Targum lui “my boodskapper”.

\* **1:2 Ek ... sê die HERE:** Deut 4:37; 7:7; Jes 54:8; Jer 31:3; Hos 11:1

\* **1:2 Is ... broer nie:** Gen 25:23-25

\* **1:3 Tog ... afkeer:** Rom 9:13

\* **1:4 Jer 48:10,18; Eseg 25:13; 35:4**

en die volk vir wie die HERE vir altyd vervloek het.”<sup>5</sup> Met julle eie oë sal julle dit sien en julle sal self erken: “Die HERE is groot buite die grense van Israel.”

### Traagheid in die diens aan God

<sup>6</sup> \* “'n Seun respekteer 'n vader, en 'n dienaar sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is die respek wat My toekom? As Ek die Opperheer is, waar is die ontsag vir My?” Die HERE, Heerser oor alle magte, sê: “Dit geld vir julle, priesters, wat my naam minag! Maar julle vra, ‘Hoe minag ons u naam?’<sup>7</sup> \* Julle bied besoedelde voedsel aan op my altaar en dan vra julle nog, ‘Hoe het ons U verwerp?’ Omdat julle dink dat die tafel<sup>c</sup> van die Here maar geminag kan word!<sup>8</sup> \* As julle 'n blinde dier as offer aanbied, is dit mos nie verkeerd nie, en as julle 'n mank of siek dier aanbied, is dit mos nie verkeerd nie! Bied so iets vir jou streeksgoewerneur aan! Sal hy jou aanvaar, sal hy goedgesind wees teenoor jou?” vra die HERE, Heerser oor alle magte.<sup>9</sup> Sou julle God dan nou gunstig stem dat Hy ons genadig kan wees, terwyl julle so iets doen? Sal Hy deur julle toedoen goedgesind wees?<sup>d</sup> Die HERE, Heerser oor alle magte het dit gesê.

<sup>10</sup> \* “Was daar maar iemand onder julle wat die tempeldeure kon toesluit, sodat julle nie die vuur op my altaar verniet aan die brand steek nie. Ek is julle nie goedgesind nie,” sê die HERE, Heerser oor alle magte. “'n Offer uit julle hand is nie vir My aanvaarbaar nie.

---

\* **1:6** Eks 4:22; 20:12; Deut 1:21; 32:6

\* **1:7** 1 Kor 10:21

<sup>c</sup>**1:7 tafel:** Dit verwys na die altaar.

\* **1:8,14** Lev 22:18-25; Deut 15:21; 17:1

<sup>d</sup>**1:9 goedgesind wees:** Letterlik ‘sy gesig lig’; vgl Num 6:26.

\* **1:10** Jes 1:11; Jer 14:12; Hos 8:13; Am 5:21

<sup>11</sup> \*\*Immers, van waar die son opkom tot waar hy onder gaan, is my Naam groot onder die nasies en op elke plek word wierook aangebied vir my Naam, 'n rein offer, want my Naam is groot onder die nasies,” sê die HERE, Heerser oor alle magte. <sup>12</sup> “Maar julle ontheilig my Naam aangesien julle dink, die tafel van die Heer is besoedel, en oor wat dit bied, dink julle, sy voedsel kan maar geminag word. <sup>13</sup> En dan sê julle, ‘Kyk, watter moeite is dit nie!’ En julle minag My,<sup>e</sup>” sê die HERE, Heerser oor alle magte. “Julle bring diere wat geroof en mank en siek is, en bied dit as 'n offergawe aan! Moet Ek dit uit julle hand aanvaar?” vra die HERE. <sup>14</sup> “Vervloek is iemand wat bedrieg deur 'n gelofte af te lê, maar 'n verminkte dier aan die Heer offer, terwyl daar 'n manlike dier in sy kudde is. Ek is immers die groot Koning,” sê die HERE, Heerser oor alle magte, “en my Naam wek ontsag by die nasies.\*”

## 2

<sup>1</sup> Daarom dan, vir julle geld hierdie beslissing, priesters: <sup>2</sup> \* “As julle nie luister nie, en dit nie ter harte neem om my Naam te eer nie,” sê die HERE, Heerser oor alle magte, “sal Ek 'n vloek onder julle instuur en Ek sal dit wat vir julle tot seën moet wees, vervloek. Trouens, Ek het dit reeds vervloek omdat julle die saak nie ter harte neem nie. <sup>3</sup> \* Kyk, Ek gaan julle en julle nageslag tereg wys: Ek gaan pensmis in julle gesigte spat — die pensmis van julle feesoffers!

---

\* **1:11-13** Jer 6:20; Am 5:21

\* **1:11** Ps 113:3; Jes 45:6; 56:7; 59:19; Op 15:4; Matt 8:11

<sup>e</sup> **1:13 minag My:**

\* **1:14 Heerser ... nasies:** Ps 47:3; 95:3

\* **2:2** Lev 26:14; Deut 28:15

\* **2:3** Vgl Eks 29:14; Lev 16:27

“Ek sal julle uit my teenwoordigheid verwyder.<sup>f</sup> <sup>4</sup> Dan sal julle beseef dat Ek hierdie beslissing oor julle gebring het, sodat my verbond met Levi kan bly bestaan,<sup>\*</sup>” sê die HERE, Heerser oor alle magte. <sup>5</sup> “My verbond met hom was bedoel om lewe en vrede te gee; Ek het dit aan hom gegee om ontsag te wek. Hy het vir My ontsag gehad en vir my Naam het hy gesidder. <sup>6</sup> \*Betroubare onderrig in die wet het uit sy mond gekom en onreg is nie op sy lippe gevind nie. In vrede en opregtheid het hy saam met My geloop en hy het baie laat afsien van sonde. <sup>7</sup> \*Die lippe van 'n priester moet immers kennis in stand hou. Mense soek onderrig in wat hy sê, omdat hy 'n boodskapper is van die HERE, Heerser oor alle magte. <sup>8</sup> Maar julle het afgewyk van die pad en baie mense laat struikel deur julle onderrig. Julle het die verbond met die Leviëte geskend,” sê die HERE, Heerser oor alle magte. <sup>9</sup> “Op my beurt sal Ek julle veragte en vernederde mense in die oë van die hele volk maak, omdat julle nie nougeset op my paaie bly nie en menslike voorkeure laat geld in die onderrig van die wet.”

### Ontrou van gelowiges

<sup>10</sup> \*Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskep nie? Waarom is ons dan ontrou aan mekaar en ontheilig ons die verbond wat met ons voorouers gesluit is? <sup>11</sup> Juda was ontrou, en iets afstootliks is in Israel en Jerusalem gedoen: Juda het die heiligdom van die HERE waarvoor Hy lief is, ontheilig. Juda het met dogters wat vreemde gode

---

<sup>f</sup>**2:3 Ek ... verwyder:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal. Letterlik ‘Hy sal julle na hom dra’. Die •Septuagint lui “En Ek sal julle daarheen dra.”

\***2:4 my ... bestaan:** Num 25:12-13; Deut 18:1-18

\***2:6-7** Lev 10:11; Deut 17:9; 21:5; 33:10

\***2:7-8** Eseg 7:26; Matt 23:3; vgl Matt 23:13,15

\***2:10** 1 Kor 8:4,6

dien, getrou. <sup>12</sup> Juda het die heiligdom van die HERE waarvoor Hy lief is, ontheilig. Mag die HERE, iemand wat dit doen, en wie hom beskerm en verdedig,<sup>8</sup> uit die tente van Jakob uitroei — hy wat 'n offer bring vir die HERE, Heerser oor alle magte.

<sup>13</sup> Die tweede ding wat julle doen, is dat julle die altaar van die HERE met trane bedek, met 'n geweefde en 'n gesug, omdat Hy nie meer ag slaan op julle offers nie en dit nie gunstig aanvaar nie. <sup>14</sup> \*En dan vra julle: “Waarom?” Omdat die HERE self as getuie optree tussen jou en die vrou met wie jy getroud is toe jy jonk was en teenoor wie jy ontrou is, terwyl sy jou lewensmaat is en 'n vrou van dieselfde verbond as jy.<sup>h</sup>

<sup>15</sup> \*\*Hy het nie net één mens gemaak nie, maar ook 'n geesgenoot vir die mens, waarna dié een mens op soek was, 'n goddelike geslag. Bewaar daarom julle gees van eensgesindheid.<sup>i</sup> Moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy getroud is toe jy jonk was nie. <sup>16</sup> Want Hy haat egskeiding,<sup>j</sup> het die HERE, die God van Israel gesê. So iemand het hom met geweld omhul,<sup>k</sup> het die HERE, Heerser oor alle magte, gesê. Bewaar daarom julle gees van eensgesindheid: Moenie ontrou wees nie, het die HERE, Heerser oor alle magte, gesê.”

---

<sup>8</sup>**2:12 iemand ... verdedig:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal.

\***2:14** Jes 54:6

<sup>h</sup>**2:14 'n vrou ... jy:** Letterlik ‘die vrou van jou verbond’.

\***2:15-16** Matt 5:31-32; 19:4-6; vgl Ef 5:24-33

\***2:15** Gen 1:18,24

<sup>i</sup>**2:15 Hy ... eensgesindheid:** Word ook anders vertaal.

<sup>j</sup>**2:16 egskeiding:** Letterlik ‘om weg te stuur’. 'n Tegniese term wat daarna verwys dat 'n vrou uit 'n huwelik weggestuur word.

<sup>k</sup>**2:16 met ... omhul:** Letterlik ‘het sy bokleed met geweld bedek’.

## Aankondiging van die dag van oordeel

<sup>17</sup>\* Julle vermoei die HERE met julle woorde, en dan vra julle: “Hoe het ons Hom vermoei?” Deur te sê: “Almal wat verkeerd doen, is goed in die oë van die HERE, teenoor hulle is Hy goedgesind.” Of julle sê: “Waar is die God wat oordeel?”

### 3

<sup>1</sup>\*“Kyk, Ek gaan my boodskapper stuur  
en hy sal 'n pad voor My gereedmaak.<sup>1</sup>  
Onverwags sal hy na sy tempel kom,  
die heer na wie julle soek,  
die boodskapper van die verbond  
na wie julle uitsien.

Kyk, hy gaan kom, \*”

sê die HERE, Heerser oor alle magte.

<sup>2</sup>\*Wie kan die dag van sy koms verduur,  
wie kan staande bly wanneer hy verskyn?

Ja, daardie dag is

soos die vuur van die smelter  
en soos die loog van wassers.

<sup>3</sup>Hy sal gaan sit<sup>m</sup> as iemand

---

\***2:17** Job 21:7-14; Jes 43:24

\***3:1** Luk 7:27; Joh 1:23

<sup>1</sup>**3:1 Ek ... gereedmaak:** In Matt 11:10; Mark 1:2; Luk 1:76; 7:27; Joh 3:28 word hierdie vers gesien as 'n heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider, en in Luk 7:19 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 40:3.

\***3:1 Kyk, hy ... kom:** Hand 13:24-25

\***3:2** Jer 6:29; Joël 2:11; Nah 1:6; Op 6:17

<sup>m</sup>**3:3 sit:** Die gebruik was dat 'n regter tydens 'n verhoor sit terwyl hy 'n saak aanhoor en opstaan wanneer hy die vonnis vel.

wat silwer smelt en suiwer.

Hy sal die Leviëte reinig  
en hulle soos goud en silwer suiwer.\*

Hulle sal aan die HERE behoort,  
en offers in geregtigheid bring.

<sup>4</sup>\* Dan sal Juda en Jerusalem  
se offers weer vir die HERE  
aangenaam wees,  
soos in die ou dae,  
soos in vroeër jare.

<sup>5</sup>\*“Ek sal na julle toe kom vir die oordeel en Ek sal sonder om te  
huiwer 'n getuie wees teen towenaars, egbrekers en wie vals sweer; teen  
hulle wat dagloners, weduwees en vaderlose kinders<sup>n</sup> verdruk en hulle  
wat vreemdelinge<sup>o</sup> wegwys en nie ontsag vir My het nie,” sê die HERE,  
Heerser oor alle magte.

### **Beloftes van seën**

<sup>6</sup>“Ek, die HERE, het immers nie verander nie.\* Maar julle  
Jakobskinders kry nie end nie. <sup>7</sup>\* Sedert die tyd van julle voorouers wyk

---

\***3:3 Hy sal gaan ... suiwer:** 1 Pet 1:7

\***3:4** Am 9:11; Mal 1:11

\***3:5** Eks 22:20-21; Lev 19:13; Deut 24:17; Jak 5:4

<sup>n</sup>**3:5 vaderlose kinders:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het en niemand  
het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

<sup>o</sup>**3:5 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land  
verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by  
die Israëliëte gekry het, het beskerming geniet.

\***3:6 Ek ... verander nie:** Num 23:19; Jak 1:17

\***3:7** Sag 1:3; Jak 4:8



julle van my voorskrifte af en kom dit nie na nie. Keer terug na My, dan sal Ek na julle terugkeer,” sê die HERE, Heerser oor alle magte. “Maar julle vra, ‘Hoe moet ons terugkeer?’<sup>8</sup> Mag 'n mens God besteel? Maar julle besteel My! En dan vra julle nog, ‘Hoe besteel ons U?’ Van tiendes en wydingsgeskenk(e)!<sup>p 9</sup> \*Daar rus 'n vloek op julle, maar vir My bly julle beroof, julle hele nasie.<sup>10</sup> \*Bring die volle tiende na die voorraadkamer sodat daar voedsel in my huis kan wees. Toets My hierin,” sê die HERE, Heerser oor alle magte, “of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak en oorvloedige seën oor julle sal uitstort nie.<sup>11</sup> \*Ek sal vir julle die sprinkane<sup>q</sup> berispe, sodat hulle nie die opbrengs van julle landerye verwoes nie, en die druiwestok in die wingerd sal vir julle nie sonder vrugte wees nie,” sê die HERE, Heerser oor alle magte.<sup>12</sup> \* “En al die nasies sal julle gelukkig noem, omdat julle 'n begeerlike land sal wees,” sê die HERE, Heerser oor alle magte.

### **Vermaning om getrou te bly**

<sup>13</sup> “Julle laat harde woorde oor My val,” sê die HERE. “En dan vra julle, ‘Wat het ons vir mekaar oor U gesê?’<sup>14</sup> \* Julle het gesê, ‘Dit is heeltemal nutteloos om God te dien en wat baat dit ons as ons die verpligtinge teenoor Hom nakom en in rouklere loop voor die HERE, Heerser oor alle

---

<sup>p</sup>**3:8 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

\***3:9** Deut 28:15

\***3:10** Deut 28:8,12; Spr 3:9-10; 2 Kor 9:6-8; vgl Neh 13:12

\***3:11** Vgl Jer 8:13

<sup>q</sup>**3:11 sprinkane:** Letterlik ‘vreters’.

\***3:12** Jes 61:9

\***3:14-15** Job 21:7,14-15; Jes 58:3; Jer 12:1

magte? <sup>15</sup> Daarom noem ons nou die verwaande mense gelukkig, want die kwaaddoeners beleef nie net voorspoed nie, maar hulle daag God uit en kom nog daarmee weg ook.’ ”

<sup>16</sup> Daarop het dié wat vir die HERE ontsag het, met mekaar geredeneer. Die HERE het goed geluister en dit gehoor. Dit is toe in sy teenwoordigheid in 'n gedenkboek\* opgeteken tot voordeel van diegene wat ontsag vir die HERE en respek vir sy Naam het.

<sup>17</sup> \* “Hulle sal aan My behoort,” sê die HERE, Heerser oor alle magte, “hulle sal my persoonlike eiendom wees op die dag wat Ek voorberei. Ek sal deernis met hulle hê, soos 'n man deernis het met sy seun wat vir hom werk. <sup>18</sup> Dan sal julle weer die verskil sien tussen regverdiges en wetteloses, tussen wie God dien en wie Hom nié dien nie.”

## 4

<sup>1</sup> r\* “Want kyk, die dag gaan kom, dit gaan brand soos 'n oond. Dan sal al die verwaande mense en elke booswig kaf wees, en die dag wat kom, sal hulle verbrand,” sê die HERE, Heerser oor alle magte, “daar sal nie wortel of tak van hulle oorbly nie. <sup>2</sup> \* Maar vir julle wat ontsag het vir my Naam, sal die son van geregtigheid deurbreek met genesing in sy strale.<sup>s</sup> Dan sal julle uitgaan en bokspring soos kalwers wat op stal was, <sup>3</sup> en julle sal die goddeloses vertrap. Ja, hulle sal as onder die sole van julle voete wees, op die dag wat Ek voorberei,” sê die HERE, Heerser oor alle magte.

---

\***3:16 gedenkboek:** Ps 56:9; 139:16; Dan 7:10; 10:21; Jes 65:6

\***3:17 Eks** 19:5; Ps 103:13

<sup>r</sup>**4:1-6** Die •bronteks nommer hierdie verse as Mal 3:19-24.

\***4:1** Jes 47:14; Mal 3:2; Matt 3:10,12; Luk 3:9; 2 Thess 1:8

\***4:2** Ps 37:6; Jes 58:8; 2 Pet 1:19

<sup>s</sup>**4:2 son ... strale:** In Luk 1:78 word hierdie vers gesien as 'n verwysing na Jesus Christus.

<sup>4</sup>“Onthou die wet van Moses, my dienskneg, wat Ek hom by Horeb<sup>t</sup> beveel het en wat vir die hele Israel geld — die vaste voorskrifte en bepalings. <sup>5</sup>\* Kyk, Ek gaan Elia, die profeet, vir julle stuur voordat die groot en verskriklike dag van die HERE kom.\* <sup>6</sup>Hy sal ouers met kinders versoen<sup>u</sup> en kinders met ouers, sodat Ek nie hoef te kom en die land met 'n banvloek tref<sup>v</sup> nie.”

---

<sup>t</sup>**4:4 Horeb:** Eks 3:1; 17:6; Deut 1:2; 4:10; 1 Kon 8:9; 2 Kron 5:10; Ps 106:19; ook genoem Sinai in Eks 19:11-23.

\* **4:5-6** Mal 3:10; Sir 48:10; Matt 11:14; 17:10-11; Mark 9:11-12; Luk 1:17

\* **4:5 voordat ... kom:** Joël 2:31

<sup>u</sup>**4:6 ouers ... versoen:** Die Hebreeuse idioom lui “Hy sal die harte van ouers terugbring na kinders”. Dit beteken dat daar 'n nuwe gesindheid van trou en lojaliteit sal wees.

<sup>v</sup>**4:6 banvloek tref:** Dit beteken dat almal doodgemaak moet word; •Banvloek.